Saam-praat-papier 17 Junie 2012

## Die Gees bring ons op God se golflengte

***1 Kor 2:6-16***

[6]Tog is wat ons verkondig wysheid, maar net vir dié wat daarvoor ryp is, en dan 'n wysheid
wat nie van hierdie wêreld is of van die heersers van hierdie wêreld nie. Hulle is buitendien aan
die ondergaan. [7]Wat ons verkondig, is die wysheid van God, die verborge waarheid wat bedek
was en wat God van ewigheid af vir ons voorbestem het tot ons ewige heerlikheid. [8]Nie een van
die heersers van hierdie wêreld het hierdie wysheid geken nie. As hulle dit geken het, sou hulle
nie die Here van die heerlikheid gekruisig het nie. [9]Maar soos daar geskrywe staan:

"Wat die oog nie gesien
en die oor nie gehoor het nie,"
en wat in die hart van 'n mens
nie opgekom het nie,
dit het God gereed gemaak
vir dié wat Hom liefhet.

[10]Aan ons dan het God dit deur die Gees bekend gemaak, want die Gees deursoek alle dinge,
ook die diepste geheimenisse van God. [11]Watter mens ken die verborge dinge van 'n mens
behalwe die gees van die mens wat in hom is? So ook ken niemand die verborge dinge van God
nie, behalwe die Gees van God. [12]Die Gees wat ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld
nie, maar die Gees wat van God kom. So weet ons wat God ons uit genade geskenk het. [13]Dit
verkondig ons ook, nie met geleerde woorde wat die menslike wysheid ons leer nie, maar met
woorde wat die Gees ons leer.

So verklaar ons geestelike dinge aan mense wat die Gees het. [14]Die mens wat nie die Gees
van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan
dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word. [15]Die mens wat die Gees van
God het, kan die waarde van alle dinge beoordeel, maar self kan hy deur geen mens beoordeel
word nie. [16]Daar staan geskrywe:

"Wie ken die gedagtes
van die Here?
Wie sal hom raad gee?"

Maar ons, ons het die Gees van Christus.




**Tema: Die Gees bring ons op God se golflengte:**

**1 Deur ons tot geloof te bring (1-5)**

**2 Deur God se groot geheim aan ons bekend te maak (6-9)**

**3 Deur ons te laat besef wat God ons gee (10-12)**

**4 Deur ons te leer (13)**

**5 Deur ons die geestelike dinge te laat verstaan en aanvaar (14-15)**

**6 Deur ons soos Christus te laat dink (16)**

**Saam-praat:**

**1 Watter werking van die Gees is vir jou die kosbaarste in jou lewe ?**

**2 Indien die Gees ons almal op God se golflengte bring, *hoe raak dit ons verhouding teenoor mekaar ?***